




Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



Lees die gedig 'My Sokkerspan', en beantwoord vrae 1 – 14.

- Die **meervoud** van 'lyn', is
(a) lyns. (b) lynkie.
(c) lyne. (d) lyntjie.
- Die **trappe van vergelyking** (vergotende trap) van die **byvoeglike naamwoord 'wyd'**, is
(a) weier. (b) wyër.
(c) wyder. (d) wyer.
- Die mans gaan 'n sokker speel.
(a) toeskouer (b) wedstryd
(c) speletjie (d) skeidsregter
- 'n **Sinoniem** vir 'niemand', is
(a) geeneen. (b) almal.
(c) enkeling. (d) iemand.
- As jy in 'n wedstryd keer, is jy 'n
(a) aanvaller. (b) verdediger.
(c) skeidsregter. (d) toeskouer.
- As jy 'n telling opmaak, het jy die telling uit jou gesuig.
(a) kop (b) hakskeen
(c) stewel (d) duim
- Gee die ontbrekende voorsetsel:
'Die bal vlieg tollend die lug.'
(a) met (b) deur (c) by (d) op
- Die **enkelvoud** van 'voorspelers', is
(a) voorspeler. (b) voorspelertjie.
(c) voor gespeelde. (d) agterspelers.
- Wat is die regte spelling van 'Daar's'?
(a) Daar was dit. Daar is.
(c) Daar dies. (d) Daar is hy.
- Die **sinoniem** van 'mal', is
(a) gek. (b) moeg.
(c) honger. (d) jonk.
- Die **antoniem** van 'styg', is
(a) lê. (b) oplik.
(c) daal. (d) stygende.
- Die **antoniem** van 'agter', is
(a) kantlangs. (b) voor.
(c) vër. (d) bo-op.
- Die **trappe van vergelyking** (vergotende trap) van 'mal', is
(a) maler. (b) maller.
(c) malste. (d) meer mal.
- Watter woord is **NIE** korrek in lettergrepe opgebreek **NIE**?
(a) spe-lers.
(b) ges-waai.
(c) doel-wag-ter.
(d) teen-stan-ders.



MY SOKKERSPAN – Gert Strydom

Ek sien manne wat langs mekaar
in 'n lyn staan
en hulle het geel en groen aan.

Die volkslied speel
en dit is asof niemand dit eer
of die woorde daarvan ken nie,
maar hulle is dalk
aan die grootse oomblik vasgevang.

Die fluitjie blaas
en die bal word heen en weer geskop
en daar's manne wat aanval
en ander wat keer.

Die doelwagter staan oop
en die bal vlieg wyd verby
en asof my span
na die doel kan kry nie.

Die opponente het die bal
en skiet dit regoor die veld
en een van hulle voorspelers
tref dit met sy kop.

Die bal vlieg tollend
met 'n draai in die lug in
en is sekuur op die doel gerig.

Soos vanuit die grond
styg die doelwagter op
en die skare is stom
en net voor dit te laat is,
word die bal gevang
en die skare juig.

Asof iets in die manne
met geel en groen invaar,
speel hulle geolie
nes 'n goeie span kan.

Daar's passie om te wen
en die bal word verby die teenstanders
van speler na speler gespeel
en 'n kragtige skop
laat dit sekuur
by die doelwagter verby trek
om agter in die net vas te slaan.

Die skare juig en raak mal
en vuvezelas blaas
en vlae word heen en weer geswaai
en die spelers gryp mekaar juigend vas.

